

## Hoe bevorder BabaGim middellynkruising?

Grethe Posthumus

Die middellyn is die onsigbare lyn wat jou lyf in 'n linker - en regterhelfde verdeel

Wanneer 'n mens skoolgaande kinders dophou sien mens baie dikwels probleme met middellynkruising. Hoekom? En kan ons dit as baba voorkom?

### Wat is middellynkruising?

Middellynkruising beskryf 'n kind se vermoë om die regterhand / voet effektief te gebruik aan die linkerkant van die lyf, en die linkerhand / voet effektief te gebruik aan die regterkant van die lyf. Eenvoudiger gesê, dit is die hande en voete se vermoë om oor die middellyn te beweeg.

**Maar watter boublokkies moet in plek wees vir middellynkruising om goed geïntegreer te wees?**

### Bilaterale Integrasie

#### Terme:

Bilateraal → met albei kante van die liggaam

Simmetries → dieselfde beweging met albei kante van die liggaam

Asimmetries → verskillende bewegings met die twee kante van die liggaam

Bilaterale itegrasie is die koördinasie tussen die linker- en regterkant van die liggaam. Vir goeie bilaterale integrasie het ons goeie kommunikasie tussen die linker- en regterbrein nodig.

Bilaterale integrasie ontwikkel in stadiums:

- **Stadium 1: Simmetriese bilaterale integrasie**

Dit is wanneer beide kante van die liggaam dieselfde aksie op dieselfde tyd uitvoer

Bv. hande klap



- **Stadium 2: Wedersydse bilaterale integrasie**

Dit is wanneer die een kant van die liggaam die teenoorgestelde doen as die ander kant van die liggaam. Bv. Kruip



- **Stadium 3: Asimmetriese bilaterale integrasie**

Dit is wanneer elke kant van die liggaam 'n verskillende opdrag doen, maar al die opdragte hou verband met een opdrag. Bv. Self-voer of voorwerp hanteer



- **Stadium 4: Middellynkruising**

Middellynkruising is die finale stadium van bilaterale ontwikkeling.

Nou kan die brein beweging aan albei kante van die liggaam koördineer.



## Romp-Rotasië

Swak kern stabiliteit en romp-rotasië veroorsaak dat 'n kind sy lyfie in 'n "blok" beweeg en nie verskillende dele van die lyf apart kan beweeg nie. Dit het 'n invloed op middellynkruising aangesien die eenkant van die lyf nie na die ander kant kan reik nie.


## Hoekom is middellynkruising belangrik?

Ons moet die midellyn kan kruis vir onder andere:

- Aantrek bv. knope vasmaak, skoene vasmaak, ritsluiters optrek
- Sport beoefen
- Skryf
- Lees

## Hoe lyk dit as 'n kind sukkel met middellynkruising?

- Dominansie nog nie in plek nie
- Skryf aan die linkerkant van die bladsy met die linkerhand en aan die regterkant van die bladsy met die regterhand. Hy ruil dus die pen van die een hand na die ander wanneer hy by die midellyn kom
- Skuif die werksboek na die kant van die dominante hand
- Oriënteer die lyfie tov die werksboek sodat dit nie nodig is om die midellyn te kruis nie
- Sukkel om te lees. Wanneer 'n kind sy oë beweeg van links na regs oor die bladsy, sal sy oë stop by die midellyn om te herfokus, dit is dan baie moontlik dat hy sy plek verloor
- Stadige werktempo
- Onnetjiese handskrif
- Omruiling van letters en nommers (b/d en 6/9)
- Swak grootmotoriese-vaardighede bv. touspring, sterspronge, bal skop / vang



## Hoe help BabaGim met middellynkruising?

In BabaGim werk ons sommer van vroeg af al aan die middellyn.

### **BabaGim 1**

Ontspanningsmassering- Massering skep 'n liggaamskaart van baba se lyfie in die brein. Deur massering maak ons baba van die 2 kante van sy liggaam bewus.

### **In die BabaGim 2: Ferm Grondslag program doen ons die volgende:**

'n Gedetailleerde massering wat volg op BabaGim 1.

Stimulasie van die oë en ore- Waarvan daar twee is (oë en ore ) sal een lei. Maar ons moet eers goeie kommunikasie tussen die twee brein-hemisphere vestig voordat die een kant kan lei/ domineer. Ons moedig dus stimulasie van albei kante van die liggaam aan om sodoende effektiewe kommunikasie tussen die twee brein-hemisphere te bewerkstellig.

Sterk maak van kernspiere, hande en voete- In week 5 fokus ons op heup-fleksie, romp-rotasie, dissosiasie (twee dele van die lyf beweeg in verskillende rigtings), kruiskruiping en versterking van kernspiere (bv opstote en magietyd). Ons fokus ook op die stimulasie van rol wat goeie romp-rotasie, kernbeheer en dissosiasie vereis (alles boublokkies vir middellynkruising).

### **BabaGim 3**

In BabaGim 3 kyk ons na

- Sit: Weereens het ons sterk kernspiere en goeie romp-rotasie nodig om goed te kan sit. Nou leer 'n baba ook om om sy eie as te draai, wat middellynkruising bevorder.
- Kruip bevorder:
  - Postuurbeheer en balans
  - Stimulasie van die linker- en regterkante van die brein
  - Bewusmaking van die linker- en regterkante van die liggaam
  - Kruising van die linker- en regterkante van die liggaam.

## **Opsommend**

Middellynkruising is 'n komplekse vaardigheid wat onderworpe is aan goeie bilaterale integrasie, kernbeheer en romp-rotasie. Die belangrike venster periode vir fisiese-ontwikkeling is tussen 0- 14 maande en BabaGim gebruik hierdie periode om baba se sintuie, brein en spiere optimaal te ontwikkel sodat baba later as 'n skoolleerling met gemak kan sit, skryf en leer.

### **Bronnelys**

Bundy, A.C., Lane, S.J., Murray, E.A. 2002. Sensory Integration – Theory and practice. 2<sup>nd</sup> Edition. F.A. Davis Company

Case-Smith, J. 2005. Occupational therapy for children. 5<sup>th</sup> Edition. Elsevier-Mosby

De Jager, M. 2011. Breinontwikkeling: Mylpale en leer. BabaGim Instituut

\*Aanvullend: Notas ontvang gedurende BabaGim Instruktorsopleiding (deur Dr. Melodie de Jager)